# Voorwoord

Met sowel AFRILEX as die NLE's goed gevestig in Suid-Afrika en vanweë groter kontak met die res van Afrika, ontvang *Lexikos* 'n konstante stroom artikels wat oor leksikografiese en metaleksikografiese aspekte en probleme handel. In elke uitgawe verskyn daar artikels nie net van vorige medewerkers nie, maar ook van nuwes. Ek wil hulle almal bedank vir hul ondersteuning omdat *Lexikos* nie sonder artikels kan bestaan en groei nie. My waardering gaan aan hulle vir hul bereidheid om artikels te herbewerk volgens die opmerkings en voorstelle van die keurders. Vanweë die baie artikels wat *Lexikos* ontvang, moet baie medewerkers ook 'n aansienlike tyd wag voordat hul artikels gepubliseer kan word. Hulle moet bedank word vir hul begrip.

Aan die keurders moet 'n woord van dank gaan vir hulle bereidheid om hul kennis en kundigheid te deel by die beoordeling van die artikels, dikwels op kort kennisgewing. Hulle sluit, behalwe lede van die Redaksiekomitee, ook verskeie ander in wat bereid was om artikels te keur wat binne hul gebied van kennis en kundigheid val.

Daar was 'n aantal veranderinge in die Redaksiekomitee. Ek wil dr. M.M.R. Dube bedank vir haar bydrae tot *Lexikos*. Dit is aangenaam om proff. I.M. Kosch en L.J. Louwrens op die Redaksiekomitee te verwelkom. Hulle het reeds artikels vir *Lexikos* beoordeel, en ek hoop hul meer permanente verbintenis met *Lexikos* sal net so aangenaam in die toekoms wees soos dit in die verlede was. Ek is ook bly om prof. B.M. Mini na 'n afwesigheid van drie jaar, terug te verwelkom op die Redaksiekomitee.

Me. Tanja Harteveld moet bedank word vir haar hulp by die oplossing van rekenaar- en ander tegniese probleme wat die setwerk betref het. Me. Riette Ruthven was verantwoordelik nie net vir die professionele en bekwame setwerk van die dikwels moeilike artikels nie, maar ook vir die hantering van die uitgebreide korrespondensie. Ek wil haar bedank vir haar geesdrif en bedrewenheid by die finalisering van hierdie nommer van *Lexikos*.

J.C.M.D. du Plessis
*Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal*

# Foreword

With both AFRILEX and the NLUs well established in South Africa and because of greater contact with the rest of Africa, *Lexikos* receives a constant stream of articles dealing with lexicographical and metalexicographical aspects and problems. In every issue there appear articles not only from previous contributors, but also from new ones. I want to thank them all for their support, because without articles *Lexikos* cannot exist and extend. My appreciation also goes to them for their willingness to rework articles according to comments and suggestions from the referees. Because of the many articles *Lexikos* receives, many contributors must also wait a considerable time for their articles to be published. They must be thanked for their understanding.

To the referees must go a word of thanks for their willingness to lend their knowledge and expertise in judging the articles, often on short notice. They include, besides members of the Editorial Board, also several others who were willing to judge articles falling within their sphere of knowledge and expertise.

There have been some changes to the Editorial Board. I want to thank Dr M.M.R. Dube for her contribution to *Lexikos*. It is a pleasure to welcome Proff. I.M. Kosch and L.J. Louwrens on the Editorial Board. They have already refereed articles for *Lexikos*, and I hope their more permanent association with *Lexikos* will be as pleasant in future as it has been in the past. I am also happy to welcome Prof. B.M. Mini back on the Editorial Board after an absence of three years.

Ms Tanja Harteveld must be thanked for her support in solving computational and other technical problems as far as the typesetting was concerned. Ms Riette Ruthven was responsible not only for the professional and accomplished typesetting of the often difficult articles, but also for handling the extensive correspondence. I want to thank her for her enthusiasm and efficiency in finalizing this issue of *Lexikos*.

J.C.M.D. du Plessis
*Bureau of the Woordeboek van die Afrikaanse Taal*